# SONDAGSKOOL LES: Die Bybel is – Die Boodskap oor nuwe lewe in Christus

**Doel van les:**

- Vierde les in ons reeks oor die Bybel. Kinders gaan in hierdie les leer wat wedergeboorte beteken. Hierdie reeks is aangepas uit Kids Sunday School Place.

**Ysbreker: Verander jou voorkoms:** Deel kinders twee-twee op. Die paar draai dan hul rûe op mekaar. Altwee verander dan iets omtrent hul voorkoms bv. haal bril af, trek skoene uit, haal oorbelle af ens. Hulle moet dan raai wat omtrent ander een se voorkoms verander het. Speel so twee na drie rondtes en kyk hoe kreatief hulle kan raak.

Verlede week het ons geleer hoe die Bybel ons gids is op ons pad op aarde. Vandag gaan ons ook leer oor die boodskap van Jesus en 'n nuwe lewe in Hom wat deur die hele Bybel voorkom. Al lees ons eers in die Nuwe Testament van Jesus se koms na die aarde, word daar al oor Hom gepraat van die heel eerste boek in die Bybel. Die Bybel vertel ons dat ons almal as sondaars gebore word, maar ook dat deur Jesus en wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het, ons 'n nuwe lewe kan hê.

**Groepwerk: Lees Johannes 3:1-8**

1. Wanneer het Nikodemus vir Jesus besoek? (In die nag.)
2. Wie het Jesus gesê sal die Koninkryk van God sien? (Iemand wat weer gebore is)
3. Hoe word iemand weer gebore volgens vers 5? (Uit water en die Gees)
4. Hoe is om uit water en die Gees gebore te word anders as om gebore te word as babatjie? (Die een is ons fisiese geboorte en die ander een is ons geestelike geboorte.)

**Storie: Die oogseer**

Daar was 'n groot stuk grond wat vol onkruid, klippe en gebreekte glasstukke was. Mense het hul gemors sommer daar gaan gooi. Om dinge erger te maak, het 'n ou, verwaarloosde huis in die middel van al die gemors gestaan. Die vensters is al jare terug uitgegooi. Mense het vertel hoe die huis vol rotte en muise en ander soorte "creepy" goed was. Almal het uit hul pad gegaan om die plek te vermy. Dit was 'n hopelose storie. Die enigste ding wat hierdie vlak kon red, was 'n stootskraper.

Een mooi lente oggend, het 'n man bekend as "Die Tuinier" verby die oop stuk grond geloop. Die onkruid was nou al heuphoogte en brommers het rondom al die gemors gevlieg. Die ou huis het hartseerder as ooit vantevore gelyk. Die man het vir 'n oomblik gestop en toe begin rondstap op die vlak. Party mense het dit gesien en opgelet hoe die man notas maak en hoe hy toe vinnig wegstap. Die Tuinier het genoeg gesien van al die gemors.

Vinnig het die storie geloop deur die dorp dat die man die burgermeester gaan dwing om die stuk grond skoon te maak en die ou huis plat te slaan. Hoe kon enige iemand vir hom kwaad wees daaroor? Die oop stuk grond het die hele dorpie 'n slegte naam gegee. Dit maak nie saak of dit baie geld sou kos nie, die burgermeester se kantoor moet maar net die geld kry. "Dis nie reg om so oogseer in ons dorp te hê nie," het die mense gesê. "Iemand moes iets doen."

'n Week later het die Tuinier die kantore van die burgermeester binnegestap. Die klerk agter die toonbank het haar reggemaak vir 'n rusie. Sy het geweet daar is eenvoudig nie geld om daardie stuk grond skoon te maak nie.

Die Tuinier het na die toonbank toe gestap en gevra hoeveel die verwaarloosde huis op die vlak kos? Hy wil dit graag koop.

Al die stories wat deur die dorpie versprei het, kon nie verder van die waarheid af wees nie. Die Tuinier wou nie die huis plat vee nie, hy wou dit hê.

Die klerk het die papierwerk gekry wat daar was oor die eiendom en versigtig daarna gekyk. "Dit gaan 'n duur storie wees om daardie huis en grond weer netjies te kry", het sy gesê.

"Moenie jou bekommer daaroor nie", het die Tuinier gesê. "Is dit te koop of nie?"

Die klerk het haar kop geskud. "Ja Meneer, dit is." Net daar en dan het die Tuinier dit gekoop.

Die hele somer lank het hy en sy vrou hard gewerk. Hulle het al die onkruid uitgetrek, die gemors verwyder en groot herstelwerk aan die huis gedoen. Daarna het hulle die bome en bosse gesnoei en 'n klomp pragtige blomme geplant. Hulle het selfs 'n mooi paadjie gemaak wat lei na die voordeur van die huis toe. Agter die huis het hulle 'n pragtige fonteintjie gebou. Die stuk grond en huis wat eens op 'n tyd so oogseer was, het nou 'n pronkstuk geword. Liefde, tyd en werk het hierdie stuk grond heeltemal verander. Nou het mense uit hulle pad gegaan om verby die eiendom te stap en daarna te kyk.

Wat die Tuinier volgende gedoen het, het die hele dorp verstom. Hy het 'n bord opgesit in die pad wat soos volg gelees het: Die Tuin sentrum – Gratis tuinmaak lesse.

Die Tuinier het geweet dat die stuk grond en huis herstel kon word omdat iemand hom dit geleer het toe hy jonger was. Hy wou nou vir ander wys hoe om 'n oogseer in iets moois te verander. Nie lank nie of die hele dorp was 'n plek van skoonheid.

Party mense is soos daardie ou verwaarloosde huis wat sit in die middel van 'n stuk grond wat met rommel besaai is. Hulle lyk nikswerd en baie mense gaan uit hulle pad om hulle te vermy. Die Bybel sê ons het almal gemors in ons lewens. Dit word sonde genoem.

Die goeie nuus wat ons in die Bybel kan lees, is dat nie een van ons nikswerd in God se oë is nie. God wil hê ons moet ontslae raak van al die gemors in ons lewens. Natuurlik kan ons dit nie self doen nie. Ons het nodig om Jesus se vergifnis te vra en dat Hy vir ons 'n nuwe hart sal gee. Wanneer ons dit doen, word ons weer gebore.

Om weer gebore te word is meer as net van buite verander. Dis jou hele hart wat verander. Het jy al hierdie wonderlike boodskap in die Bybel gelees en besef wat God vir jou wil sê?

Sluit af met gebed in groepe.